

Inhoud Hierdie preek wys dat die bede “laat U Naam geheilig word, ’n bede tot die Vader en ’n geloofsbelydenis in Christus as Here en God is. Hierdie is ’n bede dat die Christus die Vader se Naam sal heilig, nie ’n magverklaring dat ons dit sal doen nie. Christus heilig die Vader se Naam deur ons heilig, foutloos en onberispelik vir die Vader se liefde te maak. Dit doen Hy deur ons in te sluit in wie Hy as mens vir ons was en vandag in die hemel is. As sy geheiligde kinders in sy liefde kan ons Christus se Vader as ons Vader dank, eer, loof en aanbid vir die liefde wat Hy vir sy Seun het en ons by ingesluit het. Ongelowiges bid hierdie bede met die magshouding dat hulle God se Naam sal heilig deur hulle in te leef en sy goddelikheid. Só maak hulle van die ontheiliging van God hulle manier om God se Naam groot en magtig te maak.

Skriflesing Matteus 6: 9; 28: 16 -20; Johannes 17: 9 – 11, 24 – 26; Kol. 1: 21 – 23.

Teks Matteus 6: 9 Ons Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word

Tema God die Vader laat sy Heilige Naam net deur sy heilige kinders aangeroep word

1. Elke bede in die “Ons Vader” is tegelykertyd ’n bede tot God die Vader en ’n geloofsbelydenis in sy Seun, Jesus Christus.

Daarom het hierdie bedes hierdie unieke aanroep en versoek: láát U Naam geheilig word. Volgens alle geestelike opvattings moes hierdie bede eintlik só geklink het: “laat óns U Naam heilig.”

Dit is hoe mense in hulle ongeloof tot God bid. In hulle gebed is hulle eintlik dan besig om God se Naam heilig te maak. Op hierdie wyse beteken “heilig maak” dan niks anders as om met en deur gebede God se Naam uniek, groot en magtig te maak nie.

Dit is wat Moslems doen wanneer hulle in moskees uitroep: “Allah Akbar!” of wanneer hulle hul self of ander mense met bomme opblaas, met motorkarre doodry of met messe steek. Hulle maak God se Naam met hierdie aanroep groot, magtig en uniek! Dit is presies ook jeugleraars vandag kinders kamstig nuut laat bid. Hulle leer kinders om God nou aan te roep met die aanprysings: “God is awesome” en “God is great!” Dit is egter niks anders as grootmense wat met gebede God se Naam groot maak deur aanprysings waarin hulle alle goeie en magtige dinge aan God toeskryf nie.

Die uniekheid van gelowiges se aanroep van die Vader van Jesus Christus, sy Seun met die bede: “laat U Naam geheilig word”, is ’n geloofsbelydenis waarin gevra word dat die Vader sy Naam sal heilig deur Jesus Christus: “laat Christus U Naam as

Vader heilig!” Dit is die bedoeling van al drie die bedes wat met die woord “laat” begin word: laat u koninkryk deur Christus U Seun kom, laat U wil deur U Seun geskied en laat U Naam deur U Seun geheilig word.

Deur hierdie geloof in Christus is ons bede nie ons poging om God se Naam heilig en groot te maak nie. Ons gebede maak nie God se Naam heilig en groot nie.

2. Daarom is die vraag waarmee ons die betekenis van hierdie bede kan ontsluit: “Hoe laat Christus sy Vader se Naam geheilig word?” Om hierdie vraag te kan antwoord moet ons weet wat beteken die “Naam” van God die Vader en wat beteken die woord “heilig.”

Die uitdrukking die “Naam van die Vader” gaan oor hoe God die Vader Homself as Vader laat ken en hoe Hy geken word as Vader. Daarom beteken dit hoe die Vader Homself as Vader openbaar sodat Hy as die Vader geken kan word. Heilig beteken om die Vader se liefde te ken, deel daarvan te wees en om die Vader lief te hê. Liefde is heilig en die Vader is heilig omdat Hy liefde is. Heilig beteken nooit goddelikheid of magtigheid nie.

Daarom stel Jesus Christus in sy gebed vir ons in Johannes 17:26: “En Ek het U Naam bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het in hulle kan wees, en Ek in hulle.”

Hier beskryf die Here hoe Hy die Vader se Naam heilig. Hy maak die Vader bekend in wie Hy as die Seun vir die Vader is, en Hy heilig die Naam van die Vader deur ons as sy kinders deel te maak van die liefde van die Vader vir sy Seun. Om die liefde van die Vader te ken as die liefde vir sy Seun waarin Hy jou insluit, is hoe Christus die Naam van die Vader heilig. Want liefde is heilig en maak heilig.

3. Die kinders!

Wie mag julle pa, hulle pa noem? Net jy en jou boeties en sussies, niemand anders nie. Wat sal jy met een van jou pa se arbeiders maak as hy jou pa sommer “pa” begin noem en maak asof jou pa sy pa is? Of wanneer een van jou vriende dit met jou pa begin doen? Jy gaan hulle gou-gou uitsorteer en sorg dat hulle dit nie doen nie, want jou pa is net en jou boeties en sussies se pa.

En jy is reg! Hy kan net julle pa wees omdat hy julle verwek het, julle in sy liefde as pa insluit en julle liefde as sy kinders aanvaar as sy eer. Net julle mag hom as kinders liefhê, niemand anders nie.

Daarom beteken die bede wat ons bid: “Ons Vader, laat U Naam geheilig word”, dat ons vra dat Christus ons deel maak van die liefde van sy Vader vir Hom as Seun,

sodat ons sy Vader as ons Vader mag liefhê. Ons vra dat Christus ons kinders van sy Vader sal laat wees!

Kyk weer hoe duidelik stel die Here dit in sy gebed vir ons in Johannes 17:26: "... sodat die liefde waarmee U My liefhet, in hulle kan wees, en Ek in hulle!"

4. Net God se heilige kinders mag en kan sy Naam as Vader heilig!

Daarom kan net mense wat God se heilige kinders is bid: "Ons Vader, laat U Naam geheilig word." Kom ons kyk hoe stel Dawid dit in Psalm 15: in die Direkte Afrikaanse Vertaling: "Here, wie mag 'n gas wees in U tent? Wie mag tuisgaan op U heilige berg? Hy wat onberispelik leef en regverdig optree, en wat van harte die waarheid praat. Hy laster nie, doen sy medemens nie kwaad aan nie, en bespot nie sy naaste nie."

Wie mag tot die Heilige God bid, "Laat U Naam geheilig word"? Net hulle wat self heilig is en wie se liefde vir God reg en volkome is. Dit is hoe Dawid dit hier in Psalm 15 duidelik en onbetwis stel. Om onberispelik te leef, is om heilig te leef en om regverdig op te tree is om mense reg lief te hê volgens die wet van God. As bewys hiervoor haal Dawid dan een van die gebooe aan dat jy nie valse getuienis teenoor jou naaste mag lewe deur leuens oor hom te vertel, hom te laster of om hom bespotlik te maak nie.

Dit is die enigste mense wie God in sy heiligheid mag aanroep. Hulle wat as mense heilig is en wie se liefde vir God reg en heilig is. Wie se liefde nie vir God reg en volkome is nie, kan nie tot God bid dat sy Naam geheilig mag word nie.

Wie as onheilige en onregverdige mense bid dat God se Naam as hul Vader geheilig moet word, onheilig God se Naam, want daardeur eis die mens eintlik aanmatigend dat sy eie verkeerde, misvormde en misplaasde liefde vir God en sy naaste God moet heilig. Om God te bid dat sy Naam as Vader geheilig moet word, beteken tog dat jy sy liefde as Vader en die liefde wat Hom as Vader toekom erken en eer.

5. Omdat mense glo dat hulle God se Naam moet heilig en groot maak en hulle ook weet dat hulle nie heilig is volgens God se wet is nie, en ook nie self ooit volgens God se wet kan heilig wees nie, verander hulle hierdie bedede in die "Ons Vader" se betekenis.

In hulle ongeloof in Christus maak hulle dan God se Naam groot deur alle mag en krag aan God toe te skryf met lofgesange, aanprysings en huldebetonings. Dit is net soos die lofsangers wat voor stamkapteins vooruit gaan en sy krag en mag besing.

Daarom word gebed in hierdie aanprysings van God se Naam om God groot en heilig te maak die wyse waarop jy jouself onderwerp aan die mag en krag van God.

Wie hulle aan God se mag en krag onderwerp om sy Naam groot te maak, hoef nie heilig te wees om dit te doen nie. Intendeel, hoe meer jy jouself verguis en onwaardig maak, hoe groter maak jy God se krag en mag!

6. Daarom moet ons die geloofsbelydenis in Jesus Christus hoor in die gebed tot God die Vader dat Christus, sy seun sy Naam sal heilig!

Hoe heilig Christus die Vader se Naam sodat ons God sy Vader met hierdie gebed mag aanroep?

Dit stel Paulus in Kolossense 1: 21 – 23: “²¹ Ook julle was voorheen van Hom vervreem, ja vyandiggesind teenoor Hom op grond van julle slegte dade, ²² maar hou het hy julle deur sy liggaam met homself versoen, sodat Hy deur sy dood julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel. ²³ Maar dan moet julle in die geloof bly, gegrondves en onwrikbaar, en nie losgeruk word van die hoop wat die evangelie bring nie.”

Christus maak ons vir die Vader se liefde heilig, sonder foute en onberispelik volgens die wet van God! Dit doen hy deur sy liggaam. Dit beteken dat die Here dit doen deur vandag self in die hemel die mens te wees wat heilig, sonder foute en onberispelik is, maar wat aan die kruis gesterf het as die onheilige mens vol foute wat net die hele tyd aangespreek moet word oor al die sondes wat ek doen.

Op hierdie wyse skep die evangelie dat ek ingesluit is en deel in wie Christus as mens vir my in my plek as sondaar is, die hoop en sekerheid in my dat ek deel in sy heiligheid, foutloosheid en onberispelikeid. Hy was my onheiligheid aan die kruis sodat ek vandag met hom sy heiligheid as mens kan wees. In hierdie eenheid met Hom is dit werklik is hoe God die Vader Homself met my versoen. God die Vader aanvaar my as sy heilige, foutlose en onberispelike kind deur my vereniging met sy Seun as mens in die hemel!

Christus laat God die Vader se liefde vir ons só volkome wees, soos Johannes getuig, en laat ook ons liefde in ons eie gebrokenheid vir God die volkome liefde van sy kinders vir hom wees, heilige kinders se heilige liefde vir die Seun se Vader.

Daarom bid ons in die bede, “laat U Naam geheilig word”, dat Christus ons vir die Vader se liefde sal heilig, foutloos en onberispelik maak en ook ons gebroke liefde vir die Vader volkome, foutloos en onberispelik sal maak in ons vereniging met hom in sy liggaam as die Seun, net soos ons in die volgend twee bedes bid dat die Vader sy koninkryk deur Christus sal laat kom en sy wil deur Christus sal laat geskied.

Daarom bid ons: “laat Christus U Naam as Vader heilig deur ons vir U U heilige kinders te maak.” Op hierdie wyse is ons bede terselfdertyd ’n geloofsbelydenis en

ook die aanbidding van Jesus Christus as God self, net soos sy dissipels hom as God aanbid het, toe hulle op as die opgestane Here gesien het. (Mat. 28: 17)

Wie Christus só as God aanroep in die gebed “laat U as Vader se Naam” deur U Seun geheilig word, mag volgens Dawid in Psalm 15 ’n gas wees in die teenwoordigheid van God en in sy heilige teenwoordigheid staan.

7. Daarom mag ons bede tot God nooit hierdie volgende magsverklaring wees nie: “Laat ons U Naam heilig maak nie!” hierdie is die gebed van hulle wat nie in Jesus Christus glo nie en daarom is hulle gebed nie ook ’n geloofsbelydenis in Jesus as die Vader se Seun nie, maar die geestelike magsverklaring dat mense en nie Christus nie, God se Naam heilig maak.

Dit is hoe alle mense tot God in hul ongeloof in Christus tot God bid: “laat ons U Naam heilig en groot maak en laat U Naam deur ons groot en heilig gemaak word in hierdie wêreld.” In hierdie geestelike magsverklaring word die betekenis van heilig van liefde vernader na goddelikheid. Daarom klink die werklike betekenis van wat hulle bid dan eintlik só: “Laat ons U goddelikheid vir die wêreld wys en wys U goddelikheid deur ons vir die wêreld, sodat hulle in ons kan sien hoe groot en magtig U werklik is.”

Wat is die gebedshouding waarin ’n mens op hierdie wyse bid dat jy God se Naam heilig sal maak deur sy grootheid en magtigheid te wys in hoe Hy sy goddelikheid met jou deel?

1. Dit is om met en in hierdie bede jouself voor God van jou eie menswees niks en leeg te maak nie sodat God sy goddelikheid in jou kan wees.
2. Dit is om jouself so onderworpe en ondergeskik aan God te maak dat Hy sy grootheid en magtigheid in jou gediensdigheid kan wys.
3. Dit is om jouself so liefdevol en innig in hierdie gebed vir mense te maak dat hulle in jou innige en liefdevolle gebed en houding God se goddelikheid in jou sal kan ervaar.

8. Wie bid dat hulle God se Naam só sal heilig maak, heilig nie die Vader se Naam nie, maar ontledig God die Vader van al sy liefde sodat sy Naam net ’n leë Naam is wat mense met sy goddelike mag en krag vervul.

Dit is wat vandag besig is om te gebeur in dit wat nie sogenaamd meer in Afrikaanse gesê kan word nie: mense bid nie meer tot die Vader dat Christus sy Naam sal heilig nie, maar hulle “worship.” Iets van hierdie nuwe aanbidding word verwoord in die woord “lofprijsing” wat geesteliks nuut opgemaak het uit die twee woorde “loof” en “prijs.”

Hulle eie uitleg van hierdie nuwe “worship” en “lofprijsing” is dat jy deur God aan te prys, alle mag en krag aan Hom toe te dig, sy goddelikheid binne gaan en op sy skoot as God te gaan sit, met Hom een word in sy goddelikheid.

Ek het hierdie dinamika gou by kinders raakgesien toe ek in Levubu as predikant begin huisbesoek doen het. Wanneer ek saam met ’n gesin gaan sit en daar is kleintjies in die geselskap het dit gereeld gebeur dat hierdie kleintjies na ’n ruk na my toe kom en op my skoot kom sit. Dit het niks te doen gehad met my kindervriendelikheid nie. Hulle is die middelpunt van hul ouers se aandag. Sodat ek inkom kry ek skielik al die aandag en word hulle stilgemaak. Hulle voel die middelpunt van die aandag aan en kom sit dan op my skoot sodat hulle die aandag kan ry wat die ouers nou aan my gee. Hulle steel my aandag met kinderlike innigheid op my skoot!

Dit is hoe geestelikes ons vandag wil leer om te bid: “laat U Naam deur ons geheilig word.” Ons sal ons in u goddelikheid inleef met lofprijsings en “worship” sodat ons U goddelikheid kan deel en verteenwoordig. Ons sal u Naam op aarde groot en magtig maak met ons innigheid met U!

Wat bly oor van die gebed en geloofsbelydenis: “Laat Christus u Naam heilig sodat ons u as u geheiligde kinders kan aanroep” in hierdie lofprijsing oor? Niks nie. Jesus word net ’n leë Naam wat ons gebruik aan die einde van ons grootmaak en magtig maak van God met die uitdrukking: “In die Naam van Jesus”: “aanvaar dat ons U Naam groot en magtig gaan maak in die Naam van Jesus.”

9. Gemeente, ons aanbid Christus as Here wanneer ons sy Vader as ons Vader aanroep. Ons gebruik nie sy Naam vir die wyse waarop ons ons inleef in God se goddelikheid en hierdie ontheiliging van God in Jesus se Naam voorhou asof dit is hoe mense God die Vader heilig nie.

Ons aanbid Christus as God wanneer ons bid: Ons Vader, laat U Naam geheilig word”.

1. Want die “ons” in “Ons Vader” is altyd Christus en my of ons Vader.
2. .Ons bid dat Christus sy Vader se Naam sal heilig en verklaar nie dat ons God die Vader se Naam sal heilig nie.
3. Ons bid dat Christus ons sal insluit en laat deel in die liefde wat die sy Vader vir Hom as Seun het en ons so sy kinders sal laat wees.
4. Ons bid dat die Vader deur Christus ons vir sy liefde sal heilig, foutloos en onberispelik volgens sy wet sal maak.
5. Ons bid dat die Vader ons hierdie liefde in Christus sal leer ken en eer.
6. Daarom bid ons vrymoedig as sy heilige kinders, en eer Hom as ons Vader, loof Hom as ons Vader, dank Hom as ons Vader, prys Hom as ons Vader, het ons Hom lief as ons Vader en aanbid ons Hom as ons Vader.

Ons gebruik nie gebed as 'n manier waarop ons onself inleef in die goddelikheid van God sodat ons sy Naam met lofprysings sal groot en magtig maak nie.